

# Vrydag 12 Maart

Skrifgedeelte: Eksodus 31:12-18

Fokusgedeelte: Eksodus 31:12-18

## Die sabbat in ons lewe vandag

God is besonder besorg oor die sabbat. Die Israeliete moet besef dat hulle anders moet wees as die volke rondom hulle, daarom moet hulle die sabbat nakom. God het die Israeliete vir Hom geheilig, vir Hom afgesonder. Die Israeliete moes geleer word hoe om te rus ná al die slawewerk van Egipte, maar meer as dit, hulle moes kon wys dat hulle God dien. God is só besorg oor die sabbat dat Hy die ontheiliging daarvan met die dood straf.

As God dan so besorg is oor die sabbat, só besorg is dat Hy direk beveel “Elkeen wat op die sabbatdag werk, moet doodgemaak word”, wat het nou verander? Ons kan tog nie sê dat ons dieselfde sabbat van die Ou-Testamentiese wette nakom soos die Jode en Israeliete gedoen het, en steeds doen nie? Is ons dan onder die oordeel, staan ons onder hierdie doodstraf?

Wanneer ons oor iets onseker is, is die belydenis ’n goeie plek om die antwoorde te gaan soek. Sondag 38 van die Heidelbergse Kategismus leer ons oor die doel van die sabbat. Die vierde gebod en die sabbatdag leer ons in die vervulling van Christus dat ek elke dag van my lewe van my bose werke rus, en die Here deur sy Gees in my laat werk. So begin ek die ewige sabbat reeds in hierdie lewe.

Wanneer ek nie van my bose werke rus nie, en nie glo nie, dan leef ek onder die swaard van die regverdige oordeel van God. Wanneer ek egter in geloof my Verlosser in dankbaarheid navolg, veral deur teen die sonde te stry en van my bose werke te rus, kom ek ook hierin die sabbatsgebod na. Ek lewe heilig en afgesonder om so te wys aan Wie ek behoort.

*Sing: Psalm 31-1:1, 2*

*Ds. SJL Linde (Lohan) (Pretoria Wonderboom-Suid)*